

Geagte BVSA Kliënt

Belangrike kennisgewing: Belasting seisoen vir 2018 open op 1 Julie 2018

Vanaf die bogenoemde datum kan ons begin om u 2018 belastingopgawes in te dien.

- Belastingseisoen 2018 sal met drie weke verkort wees, oop van 1 Julie tot 31 Oktober 2018,
- Dit het 'n impak op alle individuele nie-voorlopige belastingpligtiges,
- Hierdie sperdatum is ook van toepassing op voorlopige belastingpligtiges wat verkies om by 'n tak in te dien,
- Voorlopige belastingpligtiges wat van eFiling gebruik maak, het tot 31 Januarie 2019 om in te dien,
- Die sperdatum vir opgawes per hand is 21 September.

Voordat u belastingopgawe ingedien word, is dit belangrik om al u belastinginligting en alle ondersteunende dokumentasie gereed te kry. Hierdie sluit in die volgende:

- IRP5/IT3(a) sertifikaat/sertifikate van jou werkgever of pensioenfonds
- IT3 (b) en (c) sertifikate vir beleggingsopbrengste
- Mediese fonds sertifikate vir bydraes, insluitend kwitansies vir mediese uitgawes uit-die-sak.
- Uittree-annuïteitsfonds sertifikate
- Logboek en ander dokumente wat besighheidsreisonkoste staaf
- Enige ander relevante inkomstebelasting dokumentasie.

Stuur asseblief hierdie dokumente so spoedig moontlik aan u naaste BVSA kantoor.

Dankie vir u samewerking en stuur gerus 'n e-pos na info@bvsa.ltd, indien u enige navrae het.

Vriendelike groete
BVSA Bestuurspan



My mediese fonds: Hoe werk dit?

Praktiese Wenke:

Dit is vir BVSA se Mediesefonds-Afdeling belangrik om die volgende inligting in verband met mediese fondse met jou mee te deel, aangesien baie lede onseker is oor die werking van sy/haar spesifieke fondse:

1. Kontakbesonderhede:

Op jou lidmaatskapskaart verskyn die telefoonnommer van die kliëntediensafdeling. Hierdie nommer moet jy ter alle tye gebruik vir onder andere enige navrae, hospitaalmagtiging, die opvolg van eise en wysiging van bankbesonderhede.

2. Chroniese medikasie:

- Afhangende van jou fonds moet óf 'n aansoekvorm deur jou huisdokter voltooi word,
- óf jou huisdokter of apteker moet inskakel na jou mediese fonds om die medikasie te registreer.
- Alle mediese fondse, selfs 'n hospitaalplan, is verplig om 25 chroniese toestande te dek (behalwe as jy op 'n staatsplan is).
- Jy moet vir chroniese medikasie registreer andersins word medikasie uit jou spaar- of akute medikasie-voordeel betaal.

3. Eise:

- Indien die verskaffer nie self die eis elektronies indien nie, kan jy die eis per faks of per e-pos aan jou mediese fonds stuur.
- Indien jy die rekening betaal het, moet die kwitansie tesame met die eis ingedien word. Indien jy die eis pos, hou altyd 'n afskrif.
- Eise moet binne vier maande die fonds bereik.

4. Voorafmagtigings:

- Vir hospitaalopnames, MRI/CT-skanderings, endoskopie en tandheelkundige prosedures moet jy altyd voorafmagtiging reël.
- Wanneer jy vir 'n operasie/prosedure geskeduleer is, vra vooraf wat die tarief is.
- Indien 'n spesialis uitgekonnekteer is (buite jou mediese fonds), vra die spesialis meer as wat jou fonds betaal. Indien jy nie sogenaamde "GAP"-dekking het nie, sal jy die verskil uit jou eie sak moet betaal.

5. Dag-tot-dag-/buite hospitaal-dekking:

- Die spaarkomponent van die nuwegenerasie-fondse sal altyd 'n positiewe spaarsaldo geëindig 31 Desember oordra na die volgende nuwe jaar.
- 'n Tradisionele fonds het m.a.w. limiete vir medikasie, tandheelkunde- en doktersbesoeke wat nie oordraagbaar na die volgende nuwe jaar is nie.

6. Registrasie van afhanklike/baba:

- Pasgebore babas moet binne 30 dae op jou fonds geregistreer word, andersins word die baba onderskryf (m.a.w. wagperiodes kan toegepas word).
- Vir die byvoeging van afhanklikes moet die nodige vorm voltooi word.

Jou vennoot vir 'n verskeidenheid van omvattende rekeningkundige & finansiële dienste

Ons bied die volgende dienste:

- Maatskappy/Besigheid registrasie
- Trust administrasie
- Sekretariële dienste
- Boedelbeplanning en testamente
- Boekhouding
- Bestuurs- en finansiële state
- Belasting dienste

www.bvsa.ltdinfo@bvsa.ltd

7. Hoe om jou mediese fonds se voordele te strek:

- Maak van generiese-/ formulemedikasie wat goedkoper is, gebruik.
- Meeste mediese fondse bied voorkomendesorg-voordele, byvoorbeeld mammogramme, papsmere, prostaatsiftingstoetse en nog meer. Die voordeel is gewoonlik jaarliks of tweejaarliks - kyk na die kriteria van jou fonds. Vind dus uit wat jou fonds bied!
- Hou jou dag-tot-dag-voordele/spaarkomponent vir noodsaaklike mediese uitgawes en nie om sonbrille, multivitamiene, of ander leefstyl-items oor die toonbank te koop nie.

8. Belangrike punte om te weet:

- Teen watter tariewe betaal my opsie vir binne-hospitaalse spesialiste.
- Watter addisionele bybetalings is op prosedures binne die hospitaal van toepassing,
- Maak seker dat jy 'n GAP-dekkingsvoordeel het wat die uitgekontrakteerde tariewe en bybetalings in hospitale aanspreek.

Ons hoop dat hierdie inligting vir jou van waarde sal wees. Indien jy nog nie aan 'n mediese fonds-skema behoort nie, kontak ons gerus by info@bvsa.ltd.

Boshoff Visser Konsult

Alle artikels bevat in hierdie nuusbrief is slegs algemene inligting en moenie gebruik of beskou word as professionele raad nie. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige foute of weglatings of vir enige verlies of skade weens vertroue op hierdie inligting nie. Raadpleeg gerus 'n BVSA direkteur of finansiële raadgewer vir spesifieke en gedetailleerde advies.



Lees gerus ons
nuutste artikel op
bladsy 58 van die
Junie uitgawe van
die Agri Kultuur
tydskrif

[LEES AANLYN](#)

